# SONDAGSKOOL LES – Om 'n verhouding met God te bou deur Bybelstudie

**Doel van les:**

- Kinders gaan leer hoe om 'n verhouding met God te bou deur Bybelstudie.

**Ysbreker:**

- **Ken mekaar**: Laat kinders in groepies van twee opdeel. Hulle moet die persoon kies wat hulle die slegste ken in die hele groep. Nou moet hulle vir 2 minute sit langs daardie persoon en probeer om soveel dinge as moontlik omtrent mekaar uit te vind. Daar is net een "catch": Hulle mag nie met mekaar praat, vir mekaar notas skryf of enige ander soort kommunikasie gebruik nie. Hulle mag slegs by mekaar sit.

**Groepbespreking:**

- Hoeveel het julle van mekaar geleer? (Nie veel nie aangesien daar nie gepraat mag word nie; niks)
- Is dit moontlik om 'n verhouding met iemand te ontwikkel sonder kommunikasie? (Nee, mens kan nie 'n verhouding hê sonder om meer van iemand te leer nie; nee, jy moet kan praat met die persoon)
- Dink aan jou verhouding met jou ouers. Hoe sou daardie verhouding ontwikkel as julle nie kon kommunikeer met mekaar op enige manier nie? (Dit sou baie moelik wees; die verhouding sal nie groei nie)
- Hoe is om te probeer om meer van mekaar te leer sonder kommunikasie soos om te probeer 'n verhouding met God hê sonder om die Bybel te lees? (Jy kan nie vir God leer ken sonder om Sy Woord te lees nie)
- Om 'n hegte verhouding met God te hê wat is nodig?

Kry terugvoering van die groepe.

God openbaar Homself aan ons deur Sy Woord. Om ons verhouding met God te ontwikkel, is dit nodig om daagliks Sy Woord te lees omdat dit Sy boodskap aan ons is.

**Aktiwiteit:**

Gee vir elke groep een van die volgende teksgedeeltes:

- Abram (Genesis 12:1-4)
- Daniel (Daniel 6:6-11)
- Jesus (Mattheus 14:13-14, 23)

Gee vir hulle die uitdeelstuk om hulle te help om deur die gedeelte te werk.  Wanneer hulle klaar is, laat hulle kom vertel wat hulle geleer het.

- Wat het ons geleer van hierdie oefening? (Hoe Bybel karakters gewerk het aan hulle verhouding met God; hoe belangrik dit is om tyd alleen met God te spandeer)

Kry terugvoering.

As dit vir Jesus belangrik was om in kontak met God te bly, dink dan hoe belangrik dit vir ons ook moet wees.  Soos ons in kontak met God bly deur Sy Woord, so sal ons verhouding ook met Hom groei.

Sluit af in groepe met gebed.

**Bybelstudie**

Gebruik die volgende 4 vrae om jou te help die teksverse ontleed wat jy gekry het. Hierdie 4 vrae kan jou ook help tydens jou eie Bybelstudie tyd by die huis.

1. Wat sê dit?
   (In 'n neutedop wat is die boodskap van hierdie gedeelte?)

2. Wat beteken dit?
   (Wat stel die teks voor doen mense in antwoord daarop?)

3. Wat beteken dit vir my?
   (Hoe raak die gedeelte my?)

4. Wat gaan ek daaromtrent doen?
   (Wat gaan ek doen in antwoord op die boodskap van hierdie gedeelte?)